

**1 Julie 2021**

**Handelinge 21:1-16**

**Oordenking: Paulus gaan na Jerusalem. (Handelinge 21:13, 14)**

Paulus het geweet dat hy in Jerusalem gevange geneem sou word. Sy vriende het by hom gepleit om nie daarheen te gaan nie, maar hy het geweet dat hy moes gaan - want God wou hom daar hê. Niemand wil graag swaarkry of ly nie, maar vir 'n getroue dissipel is dit die heel belangrikste van alles om God tevrede te stel. Ons begeerte om Hom gelukkig te maak, moet groter wees as ons vrees vir swaarkry en lyding. As ons waarlik begeer om God se wil te doen, moet ons alles aanvaar wat ons as gevolg daarvan moet verduur - selfs die swaarkry en lyding. Dan kan ons ook soos Paulus sê: "Laat die wil van die Here geskied."

**2 Julie 2021**

**Handelinge 21:17-36**

**Oordenking: Paulus en die Ou Testamentiese wet. (Handelinge 21:23, 24)**

Ons kan op twee maniere aan die Ou Testamentiese wet dink. Paulus aanvaar die een, en verwerp die ander. (1) Paulus verwerp die gedagte dat die Ou Testamentiese wet verlossing bring vir diegene wat dit onderhou. Ons verlossing is 'n gratis en genadige geskenk van God. Die wet speel geen rol in die verlossing nie, behalwe dat dit ons sonde duidelik vir ons uitwys. (2) Paulus aanvaar die standpunt dat die Ou Testamentiese wette ons voorberei en meer leer omtrent Jesus Christus se koms. Christus het die wet vervul en ons van ons sondelas verlos. Die wet leer vir ons nog belangrike beginsels, en gee vir ons riglyne waarvolgens ons moet leef. Paulus het nie die wet nagekom sodat hy daardeur verlos kon word nie. Hy was daaraan gehoorsaam omdat dit 'n goeie maatstaf vir 'n regverdige lewe is. Die feit dat hy die wet onderhou het, het ook verhinder dat hy die Jode, aan wie hy die evangelie verkondig het, aanstoot gee.

**3 Julie 2021**

**Handelinge 21:37-22:21**

**Oordenking: Paulus vertel van sy bekering. (Handelinge 22:3)**

As Paulus sê: "... ek was net so 'n kampvegter vir God soos julle almal vandag is", dan wys hy dat hy begrip het vir die feit dat hulle motiewe suiwer was toe hulle hom probeer doodmaak het. Hy erken ook daarmee dat hy enkele jare tevore dieselfde sou gedoen het aan Christenleiers. Paulus het altyd probeer om te begin by iets waarvoor hy en sy gehoor saamgestem het, voordat hy die Christendom verdedig het. As jy 'n getuie vir Christus is, sorg dat jy 'n aanknopingspunt met jou gehoor vind. Hulle sal graag na jou luister as daar 'n gemeenskaplike band tussen julle is.

**4 Julie 2021**

**Handelinge 22:22-23:11**

**Oordenking: Paulus verskyn voor die Joodse Raad. (Handelinge 23:6)**

Die Sadduseërs en Fariseërs was twee verskillende Joodse godsdiensgroepe. Hulle het skerp verskil ten opsigte van sekere sake. Die Fariseërs het geglo dat ook ons liggame met die opstanding sal opstaan. Die Sadduseërs het glad nie aan die opstanding geglo nie, omdat hulle net die Ou Testamentiese boeke van Moses - van Genesis tot Deuteronomium - aanvaar het. En daar is geen verwysing na die opstanding in daardie boeke nie. Paulus se woorde het die twispunt van hom af laat verskuif na die ou-ou geskil tussen die Fariseërs en die Sadduseërs. Die Joodse Raad was dus verdeeld. God sál ons help as ons oor ons geloof onder skoot kom. Ons moet ook, soos Paulus, altyd gereed wees om getuie te lewer. Die Heilige Gees sal ons die krag gee om dit vreesloos te doen.

**5 Julie 2021**

**Handelinge 23:12-35**

**Oordenking: 'n Komplot teen Paulus. (Handelinge 23:23, 24)**

Die Romeinse kommandant het beveel dat Paulus na Sesarea toe gestuur moes word. Die Joodse regering was in Jerusalem gesetel, maar Sesarea was die Romeinse hoofkwartier vir daardie gebied. God werk soms op verstommende én vreemde maniere. Hy kon Paulus op baie maniere in Sesarea gekry het, maar Hy wou hê dat die Romeinse leër gebruik moes word om Paulus uit die hande van sy vyande te red. God se manier is nie altyd ons manier nie. Ons vermoëns is beperk - Syne nie. Moet God nie beperk deur Hom te vra om op jou manier te reageer nie. Enigiets kan gebeur as Hy ingryp, en dit is baie meer effektief as wat ons ooit kan verwag.

**6 Julie 2021**

**Handelinge 24:1-27**

**Oordenking: Paulus verdedig homself voor Feliks. (Handelinge 24:25)**

Paulus se gesprek met Feliks het só persoonlik geraak, dat Feliks bang geword het. Hy het, net soos Herodes Antipas, 'n ander man se vrou geneem. Hy het Paulus se woorde interessant gevind, totdat Paulus oor "... gehoorsaamheid aan God, oor selfbeheersing en oor die komende oordeel" begin praat het. Daar is mense wat die evangelie graag met jou sal bespreek, totdat dit hulle eie lewens té persoonlik begin raak. Dan sal party hulle teësit, en ander sal van jou woorde probeer wegvlug. Maar dit is juis die kern van die evangelie - God se vermoë om lewens te verander. Die evangelie is nie effektief solank dit by beginsels en leerstellings bly nie. Dit is eers effektief as dit lewens op 'n dinamiese wyse begin verander.

**7 Julie 2021**

**Handelinge 25:1-27**

**Oordenking: Festus stel Paulus se saak. (Handelinge 25:23)**

Die feit dat Paulus in die tronk was, het hom nie verhinder om sy situasie ten beste te benut nie. Generaals en vooraanstaande inwoners van die stad het in Agrippa se paleis vergader om na hierdie saak te luister. En vir Paulus was dit nog 'n geleentheid om die evangelie te verkondig. Voordat jy volgende keer oor jou omstandighede kla, kyk liever watter geleenthede jy daarin kan benut om God te dien en vir ander van Hom te vertel. Ons probleme is dalk verskuilde geleenthede.

**8 Julie 2021**

**Handelinge 26:1-32**

**Oordenking: Paulus en Agrippa. (Handelinge 26:28, 29)**

Agrippa het sarkasties op Paulus se verdediging geantwoord. Paulus het nie op sy sarkasme gereageer nie, maar 'n persoonlike beroep op die aanwesiges gedoen, en gehoop dat hulle daarop sou reageer. As ons vir ander mense van die verlossingsplan van God vertel, moet ons Paulus se optrede hier as voorbeeld gebruik. 'n Persoonlike getuigenis of 'n eerlike beroep op iemand, dui op die diepte en opregtheid van ons besorgdheid en dit kan die mure om harte afbreek. In hierdie vertelling sien ons ook Paulus se hart - hy was meer begaan oor hierdie vreemdelinge se verlossing as oor sy eie vryheid. Vra vir God om vir jou dié eienskap van Paulus te gee - 'n brandende begeerte om ander na Hom te lei, 'n begeerte wat só sterk is, dat dit al jou probleme oorskadu.

**9 Julie 2021**

**Handelinge 27:1-12**

**Oordenking: Paulus begin sy reis na Rome. (Handelinge 27:2-10)**

Die skepe het nie in daardie tyd kompasse gebruik nie en moes hulle rigting volgens die sterre bepaal. In bewolkte weer was dit baie moeilik, byna onmoontlik, en baie gevaarlik om te seil. Dit was moeilik om in September, en onmoontlik om in November te seil. Paulus het die offisiere gewaarsku dat hulle probleme sou kry, maar hulle het besluit om nie na hom nie, maar liever na die skepskaptein te luister. Daar hét toe ook 'n storm opgesteek en die skip van sy koers af gewaai - net soos Paulus voorspel het. Maar God was deur al hierdie probleme by Paulus, en het hom en die bemanning beskerm.

**10 Julie 2021**

**Handelinge 27:13-44**

**Oordenking: Skipbreuk - God se belofte. (Handelinge 27:22-24)**

God het die belofte wat Hy deur die engel aan Paulus gemaak het, nagekom - almal het veilig aan land gekom. God heers oor mens en natuur. Ons kan glo wat Hy vir ons belowe, al lyk dit nie asof die omstandighede sal toelaat dat daardie beloftes vervul word nie. Ons moet onthou dat geen boek ooit afgehandel is voor die einde van die laaste hoofstuk nie. Daar sal moeilike tye wees, maar dit beteken nie die einde vir Christene nie. Want ons leef met die hoop op die opstanding en die ewige lewe daarna. As jy weer in moeilike omstandighede verkeer, vertrou dan op God om jou anderkant te laat uitkom - Hy is getrou.

**11 Julie 2021**

**Handelinge 28:1-31**

**Oordenking: Paulus word in Rome bewaak. (Handelinge 28:17-20)**

Paulus wou die evangelie in Rome verkondig, en hy hét ook uiteindelik daar aangekom - as 'n gevangene en na baie ontberinge. Hoewel hy dalk sou verkies het om op 'n geriefliker manier te reis, het hy besef dat God hom wonderlik geseën het. Want hy is toegelaat om die gelowiges in Rome te ontmoet en die boodskap aan Jode en nie-Jode in daardie groot stad te verkondig. God het vir hom "alles ten goede laat meewerk" (Romeine 8:28), en jy kan ook glo dat Hy dit vir jou sal doen. God sal dalk nie vir jou sekuriteit of gerief gee nie, maar Hy sál vir jou die geleentheid gee om Sy werk te doen.

**12 Julie 2021**

**Romeine 1:1-17**

**Oordenking: Vergifnis en Verantwoordelikheid. (Romeine 1:5)**

Die vergifnis wat Paulus en die ander apostels van God ontvang het, was 'n onverdiende voorreg. Daarmee saam het Hy hulle egter ook 'n sekere verantwoordelikheid opgelê: hulle moes naamlik die boodskap van Sy vergifnis aan almal oordra. God vergeef genadig sondes van almal wat opreg in Hom glo. Ons geloof in Hom verbind ons egter ook tot 'n nuwe lewe. Paulus se nuwe lewe, 'n geskenk van God, het 'n nuwe roeping beteken, aangesien hy daarmee saam die verantwoordelikheid opgelê is om in die wêreld te gaan getuig. God roep jou dalk nie tot sendingwerk in 'n oorsese land nie, maar Hy roep jou - en alle ander gelowiges - beslis om getuies vir Jesus Christus en Sy verlossingswerk te wees.

Jesus het as mens geleef, en daarom weet ons dat Hy volkome begrip het vir ons ervarings en stryd. En omdat Hy ook God is, het Hy die mag om ons van die sonde te verlos. Ons kan vir Hom van ons diepste gevoelens, gedagtes en behoeftes vertel. Die dinge wat ons ervaar, het Hy reeds ervaar, en daarom is Hy in staat om te help.

**13 Julie 2021**

**Romeine 1:18-32**

**Oordenking: Die spiraal van die sonde. (Romeine 1:21-32)**

Paulus was nie skaam nie, omdat sy nuus die Goeie Nuus was. Dit was kragtig vir almal bedoel en deel van God se plan soos Hy dit openbaar gemaak het. As jy dalk in die versoeking kom om skaam te voel, onthou dan waaroor die Goeie Nuus gaan. As jy ophou om op jou eie ontoereikendheid te konsentreer en dink aan God en die werk wat Hy op aarde doen, sal jou verleentheid baie gou verdwyn. Paulus beskryf hier baie duidelik die onvermydelike afwaartse spiraal van die sonde. Die eerste stap is dat mense God verwerp; dan besluit hulle self hoe 'n god moet wees en wat hy moet doen; dan doen hulle al hoe meer sonde en gee hulle oor aan dinge soos onsedelikheid, geldgierigheid, haat, naywer, moord, twis, leuens, bitterheid en kwaadstokery. Uiteindelik haat hulle God en moedig hulle ander ook aan om Hom te haat. God is nie die oorsaak van hierdie sonde-spiraal nie. Nee, as mense Hom verwerp, dan laat Hy hulle toe om te leef soos hulle wil en as 'n mens eers in daardie spiraal vasgevang is, kan jy jouself nie bevry nie. Sondaars moet op Christus vertrou, want Hy alleen kan hulle bevry.

**14 Julie 2021**

**Romeine 2:1-24**

**Oordenking: God oordeel die sonde. (Romeine 2:1)**

Ons moet versigtig wees as ons met goeie rede ontsteld raak oor sonde in die gemeentes. Ons moet ons altyd teen die sonde uitspreek, maar ons moet dit doen sonder om te veroordeel. Die sondes wat ons die maklikste in ander mense raaksien, is dikwels die sonde wat ook in ons eie lewens wortel geskiet het. As ons onself noukeurig gaan ondersoek, sal ons dalk uitvind dat ons presies dieselfde sondes doen - op 'n manier wat vir die samelewing net meer aanvaarbaar is.

**15 Julie 2021**

**Romeine 2:25-3:8**

**Oordenking: God is ons hoop. (Romeine 2:25-29)**

Dis maar 'n donker prentjie wat Paulus hier vir ons skilder! Of ons nou heidene, goeie mense of selfs godsdienstiges is - almal is as gevolg van hul dade skuldig. Deur die wet, wat God gegee het as riglyn vir ons lewe, word al ons sondige dade openbaar gemaak. Is daar dan enige hoop vir ons? Paulus sê daar is. Dit is wel so dat die wet ons skuldig bevind, maar die wet is nie die grondslag van ons hoop nie. God self is ons hoop. Ons regverdige en wonder liefdevolle God bied ons die ewige lewe. Ons verlossing is nie deur die wet nie, maar deur geloof in Jesus Christus. Ons verdien nie ons verlossing nie - ons kán dit nie verdien nie, maar ons aanvaar dit as 'n gawe van ons liefdevolle hemelse Vader.

**16 Julie 2021**

**Romeine 3:9-31**

**Oordenking: Alle mense is sondig. (Romeine 3:10-18)**

Met die verwysings na die Ou Testament, wil Paulus vir ons wys dat die gánse mensdom, wat soveel sonde doen, vir God onaanvaarbaar is. Het u al ooit gedink dat jy tóg nie so sleg is nie? Dat jy eintlik 'n goeie mens is? Kyk na hierdie verse, kyk of enige van hulle op jou van toepassing is. Het jy al ooit 'n leuen vertel? Het jy al ooit deur u woorde of stemtoon iemand seergemaak? Voel jy bitter teenoor enigiemand? Word jy kwaad vir mense wat hemelsbreed van jou verskil? Sonder die verlossingswerk van Jesus Christus, sou ons almal deur ons gedagtes, woorde en dade skuldig staan voor God. Ons moet onthou dat, as dit nie vir Jesus Christus was nie, ons sondige vreemdelinge vir God sou wees. Moenie ontken dat jy 'n sondaar is nie. Laat daardie besef eerder vir jou 'n rigtingwyser na Christus wees.

**17 Julie 2021**

**Romeine 4:1-12**

**Oordenking: Vrypraak deur die geloof. (Romeine 4:5)**

Party mense raak bekommerd as hulle hoor dat ons deur geloof gered word. Dan wonder hulle of hulle geloof groot genoeg of sterk genoeg is om hulle te red. Hierdie mense verstaan die saak heeltemal verkeerd. Dit is Jesus Christus wat ons red, nie ons eie gevoelens of dade nie - en Hy is sterk genoeg om ons te red, hoe swak ons geloof ook al mag wees. Jesus gee ons verlossing as geskenk vir ons, omdat Hy ons liefhet en nie omdat ons dit met ons kragtige geloof verdien het nie. Wat is die rol van geloof dan? Geloof is om in Jesus Christus te glo en op Hom te vertrou en om sy wonderlike gawe van verlossing aan te neem. Geloof is effektief, of dit nou groot of klein is, of dit nou terughoudend of opsigtelik is - omdat God ons liefhet.

**18 Julie 2021**

**Romeine 4:13-5:11**

**Oordenking: Twee aspekte van die Christelike lewe. (Romeine 5:1-5)**

Ons Christelike lewe op aarde bestaan uit twee aspekte. Aan die een kant leef ons volkome in Christus (Sy aanvaarding van ons is verseker); aan die ander kant groei ons in Christus (word ons al hoe meer soos Hy). Ons het dus die status van 'n koning, maar ook die taak van 'n slaaf. Ons is voortdurend bewus van Christus se teenwoordigheid, maar ook van die druk wat die sonde uitoefen. Ons het vrede omdat ons saak by God reg is, maar ons kom nog daaglik te staan voor probleme wat ons help om te groei. As ons dié twee aspekte van die Christelike lewe in gedagte hou, sal ons nie moedeloos raak as ons voor versoekings en probleme te staan kom nie. Inteendeel - dan sal ons leer om altyd staat te maak op Christus se krag wat tot ons beskikking is deur die Heilige Gees wat in ons leef.

**19 Julie 2021**

**Romeine 5:12-21**

**Oordenking: Adam en Christus. (Romeine 5:13, 14)**

Paulus het reeds herhaaldelik gesê dat blote wetsonderhouding nie verlossing bring nie. Nou voeg hy by dat die dood die gevolg is van Adam se sonde en ook van ons eie sondes, al stem hulle nie met Adam s'n ooreen nie. Paulus herinner sy lesers daaraan dat mense al gesterf het duisende jare voordat die wet ontvang is. Die wet het later bygekom sodat die mense in die lig daarvan hulle eie sondigheid sou raaksien, sou beseft hoe ernstig hulle oortredinge is en hul na God sal wend om genade en vergifnis. Dit het in Moses se tyd gegeld, en dit geld vandag nog. Deur die sonde is daar 'n groot verskil tussen dit wat ons is, en dit wat ons geskape is om te wees. Die wet wys ons sonde vir ons en plaas die verantwoordelikheid daarvoor vierkant op ons eie skouers, maar die wet bied vir ons geen uitkoms nie. Daar is net Een na wie ons met ons sondelas kan gaan om verlos te word, en dit is Jesus Christus.

**20 Julie 2021**

**Romeine 6:1-23**

**Oordenking: Moenie 'n slaaf van die Sonde wees nie. (Romeine 6:16-18)**

Sommige vakleerlinge wat bepaalde vaardighede wil aanleer, moet onder die leiding van 'n "meester" studeer. Hy leer hulle dan al die fynere kunsies en "vorm" hulle as't ware. Ons, wat geestelike mense is, het ook 'n Meester gekies en ons volg Sy voorbeeld. Sonder Jesus sou ons geen keuse gehad het nie - ons sou vakleerlinge van die sonde gewees het en die gevolge daarvan sou skuld, lyding en vervreemding van God gewees het. Jesus is ons Leermeester. Ons kan Hom volg, 'n nuwe lewe lei en meer oor die Koninkryk leer. Ons is of volgelinge van Christus, of volgelinge van die sonde - dit is onmoontlik om neutraal te wees. 'n Christen is nie iemand wat nie kán sonde doen of dit nooit doen nie, maar wel iemand wat nie meer 'n slaaf van die sonde is nie. Hy behoort aan God, nie aan die sonde nie. Het u al God se vakleerling geword?

**21 Julie 2021**

**Romeine 7:1-24**

**Oordenking: Niemand kan verlossing verdien nie. (Romeine 7:1-6)**

Paulus leer vir ons drie dinge wat hy geleer het toe hy van sy ou, sondige begeertes ontslae

probeer raak het. (1) Kennis is nie die antwoord nie. Paulus was tevrede toe hy nog nie geweet het wat die wet van hom vereis nie. Toe hy dit uitvind, het hy besef dat hy verlore was.

(2) Vasberadenheid is nie die antwoord nie, aangesien hy besef het dat hy sonde doen, selfs al het hy nie eens daarvan gehou nie. (3) Selfs 'n diep Christelike belewenis verdryf nie oombliklik alle sonde uit die gelowige se lewe nie. Om soos Christus te word, neem 'n hele leeftyd. Paulus vergelyk Christelike groei met 'n wedloop of geveg wat groot inspanning verg. Daarom - en dit beklemtoon hy dwarsdeur die brief aan die Romeine - is niemand onskuldig nie. Daarom verdien niemand om gered te word nie - nie die heiden wat God se wet nie ken nie, en ook nie die Christen of Jood wat die wette ken en probeer uitleef nie. Alle mense se verlossing berus op die werk wat Christus gedoen het. Ons kan nie op grond van goeie gedrag ons verlossing verdien nie.

**22 Julie 2021**

**Romeine 8:1-8**

**Oordenking: Geen veroordeling in Christus nie. (Romeine 8:1)**

Die innerlike verwarring wat ons soms oor die sonde ervaar, was vir Paulus net so 'n probleem as wat dit vir ons is. Hy sê vir ons wat om daaraan te doen. Elke keer as hy verlore gevoel het, het hy teruggedink aan die begin van sy geestelike lewe en onthou dat hy reeds deur Jesus Christus bevry is. Volg sy voorbeeld as jy verward voel: dank God omdat Hy jou deur Jesus Christus vrygemaak het. Laat Christus se krag jou dan versterk en jou oorwinning oor die sonde gee.

"Vrygespreek - laat hom gaan"-wat sou daardie woorde vir jou beteken as jy in 'n dodesel was?

In werklikheid is die hele mensdom in die dodesel, met reg tot die dood veroordeel omdat ons God se wet herhaaldelik oortree. Sonder Jesus sou daar vir ons geen hoop gewees het nie. Maar, dank God - Hy het ons regverdig verklaar en ons so vrygemaak van die sonde. Hy gee ook vir ons die krag om Sy wil te doen.

**23 Julie 2021**

**Romeine 8:9-17**

**Oordenking: Die lewe deur die Gees. (Romeine 8:14-17)**

Paulus gebruik aanneming om die gelowige se nuwe verhouding met God te illustreer. Volgens die Romeinse kultuur het 'n aangenome kind presies dieselfde regte en voorregte geniet as 'n eie kind. Hy het 'n volle erfgenaam van sy vader se boedel geword. As 'n mens 'n Christen word, deel jy op dieselfde manier in die voorregte en verantwoordelikhede van God se ander kinders. Ons is die Meester se kinders - ons is nie meer bang slawe nie. Watter voorreg is dit nie! Omdat **ons God** se kinders is, het ons deel aan 'n onberekenbare skat. God het vir ons groot geskenke gegee: Sy Seun, vergifnis, die Heilige Gees en die ewige lewe.

**24 Julie 2021**

**Romeine 8:18-39**

**Oordenking: Niks kan ons van God se liefde skei nie. (Romeine 8:35-39)**

Een van die mees gerusstellende beloftes in die hele Skrif is in dié verse saamgevat. Gelowiges het nog altyd voor moeilikhede en probleme te staan gekom - vervolging, siekte, tronkstraf, selfs die dood. As gevolg hiervan, kan hulle dalk bang wees dat Christus hulle verlaat het. Maar Paulus sê duidelik dat dit onmoontlik is om van Christus geskei te word. Die feit dat Hy vir ons gesterf het, is bewys van Sy onvernietigbare liefde. Hy is altyd by ons. God sê vir ons hoe groot Sy liefde is, sodat ons altyd daardie versekering kan hê. As ons hierdie wonderlike en oorweldigende versekering het, sal ons nooit bang wees nie.

**25 Julie 2021**

**Romeine 9:1-18**

**Oordenking: God ontferm Hom oor wie Hy wil (Romeine 9:14)**

Was dit reg van God om Jakob, die jonger broer, bo Esau aan te stel? Dink 'n bietjie na oor die God wat ons aanbid: Hy is almagtig; Hy laat alles vir ons ten goede meewerk; Hy is betroubaar; Hy sal almal wat in Hom glo, red. As ons hierdie eienskappe van God verstaan, dan sal ons weet dat Sy keuses goed en reg is, al verstaan ons nie altyd waarom Hy kies soos Hy kies nie. En as ons sou vra wat ons toekom, dan sou dit die doodstraf as gevolg van die sonde wees.

Dit lyk menslik gesproke nie reg dat God vir Christus in ons plek gestraf het nie. Dit is egter God se liefde vir ons. Sou jy Hom wou vra om Sy verlossingsaanbod terug te trek omdat jy dit nie verdien nie?

**26 Julie 2021**

**Romeine 9:19-10:4**

**Oordenking: Geloof in Christus bring redding. (Romeine 10:4)**

Wat sal met daardie Jode gebeur wat in God glo, maar nie in Christus nie? Sal hulle nie gered word omdat hulle in dieselfde God glo nie? As dit die geval was, dan sou Paulus nie so hard gewerk en so baie opgeoffer het om vir hulle van Christus te leer nie. Jesus is die mees volkome openbaring van God wat daar is, en ons kan God nie sonder Jesus ken nie. God het Jesus gestuur om God en mens weer bymekaar uit te bring, en ons kan nie op enige ander manier tot God kom nie. Net soos alle ander mense, kan die Jode slegs deur Jesus Christus gered word. Ons behoort ook, soos Paulus, te wens dat alle Jode gered kon word. Ons moet vir hulle bid en met liefde die Goeie Nuus vir hulle vertel.

**27 Julie 2021**

**Romeine 10:5-11:12**

**Oordenking: Deur God uitverkies. (Romeine 11:1-12)**

God het Israel verkies as die volk deur wie die verlossing tot die res van die wêreld sou kom. Maar dit beteken nie dat die hele Joodse volk gered sou word nie. Nee, slegs diegene wat aan God getrou gebly het, is as ware Jode beskou. Mense word deur geloof in Christus gered, en nie omdat hulle deel van 'n volk, 'n godsdiens of familie is nie. Waarop maak u staat vir u verlossing?

Ons lees hier watter straf die profeet Jesaja vir mense wat verhard is, voorspel het. As iemand aanhoudend weier om na God se Goeie Nuus te luister, sal hy dit later ook nie meer verstaan nie. Paulus het dit gesien gebeur in die sinagoges wat hy besoek het. Paulus het egter 'n visioen gehad van 'n kerk waarin alle Jode en nie-Jode verenig sou wees in hulle liefde vir God en hulle gehoorsaamheid aan Christus. Hierdie ideale kerk sal wel gehoorsaam wees aan God se wet, maar sal slegs op Christus vertrou vir verlossing en die ewige lewe. Etniese agtergrond en sosiale status sal nie 'n rol speel nie - al wat saak sal maak, is die geloof in Christus.

**28 Julie 2021**

**Romeine 11:11-36**

**Oordenking: Goedheid en strengheid van God. (Romeine 11:22)**

Die feit dat God vir ons goed is, beteken nie dat ons Sy goedheid nou maar as vanselfsprekend kan aanvaar en aan Hom ongehoorsaam kan wees nie. Ware kinders van God sal Hom graag wil gehoorsaam. Onthou dat God ons sal oordeel as ons aanhou weier om van ons ou sondige lewe af te sien - net soos Hy die Jode, wat ongehoorsaam was en geweier het om na Hom te keer geoordeel het. Maar as iemand wat vroeër 'n slegte lewe geleidelik het, hom na God toe keer, sal Hy hom deel maak van die familieboom van God.

**29 Julie 2021**

**Romeine 12:1-21**

**Oordenking: 'n Lewende offer aan God. (Romeine 12:1)**

As 'n priester 'n dier volgens God se wet wou offer, het hy dit doodgemaak, in stukke gesny, en dit op die altaar neergesit. Dit was belangrik om offers te bring, maar God het dit selfs in die Ou Testament al duidelik gestel dat 'n gehoorsame hart nóg belangriker is. God wil hê dat ons nie diere nie, maar onself as lewende offers aan Hom moet gee - ons moet elke dag opnuut van ons eie begeertes afsien en Hom volg. Ons moet dit uit dankbaarheid doen omdat ons sondes vergewe is. Hy wil hê dat ons nuwe mense moet wees, met nuwe denke, wat ten volle leef tot eer van Hom. Hy wil net die beste vir ons hê en Hy het Sy Seun gegee sodat ons 'n nuwe lewe kan hê. Daarom moet ons onself met blydschap as lewende offers vir Hom gee.

**30 Julie 2021**

**Romeine 13:1-14**

**Oordenking: Liefde is die volle uitvoering van die wet. (Romeine 13:9)**

Baie mense glo om die een of ander rede dat dit verkeerd is om hulleself lief te hê. As dit die geval is, dan sou dit mos niks beteken om ons naaste soos onself lief te hê nie. Paulus verduidelik egter wat hy met selfliefde bedoel. Selfs al het jy min selfagting, sal jy waarskynlik nie opsetlik honger ly nie. Jy trek redelik goed aan. As jy kan, sorg jy dat jy 'n dak oor jou kop het. Jy probeer om jouself nie te beseer of te laat kul nie. Jy word kwaad as iemand jou huwelik probeer vernietig. Dit is die soort liefde waarmee ons ons naaste moet liefhê. Sorg ons dat ander behoorlik kos, klere en woonplek het? Is ons begaan oor sosiale ongeregtigheid? Is ons sedelike norme onberispelik? Om ander soos onself lief te hê, beteken dat ons aktief in hulle behoeftes sal probeer voorsien. Dit is tog interessant dat mense wat meer aan ander as aan hulself dink, baie selde te min selfagting het.

**31 Julie 2021**

**Romeine 14:1-23**

**Oordenking: Sonde beïnvloed medegelowiges. (Romeine 14:22, 23)**

Die sonde is nie net 'n persoonlike saak nie. Alles wat ons doen, raak ander mense, daarom moet ons voortdurend aan ander dink. God het ons só geskape dat ons nie onafhanklik sal wees nie, maar afhanklik van mekaar. Ons moet alles wat ons doen, uit opregte liefde vir God doen, en met 'n opregte begeerte om in die behoeftes van ander te voorsien. As ons dit só doen, dan sal ons aan die eenheid van die kerk bou. Sowel "sterk" as "swak" Christene kan hulle naaste laat struikel. Die sterk maar onsensitiewe Christen spog dalk met sy vryheid en gee daardeur aanstoot. Die nougesette maar swak Christen bind ander dalk só deur sy kleinlike reëls en regulasies, dat hulle dit later nie meer kan verduur nie. Paulus wil hê dat sy lesers sterk moet wees in die geloof, maar ook sensitief teenoor die behoeftes van ander. Ons het almal sterk en swak punte, en daarom moet ons altyd bewus wees van die uitwerking wat ons gedrag op ander mense het.